

21 Januarie

**Skrifgedeelte: Genesis 3:13-19**

**Fokusgedeelte: Genesis 3:14, 17-19**

### **Die slang en die aarde deur God vervloek**

Die skepping openbaar God se wonderbare mag. In Psalm 33 het ons gesien dat die skepping ook God se liefde openbaar – dit laat ons met oorgawe in 'n loflied jubel. Maar nou sê Genesis 3 die teenoorgestelde, ons lees dat die aarde vervloek is. Twee keer lees ons die woord “vervloek”, die slang en die aarde is vervloek.

Wat beteken dit dat iets of iemand vervloek is? Die woord “vervloek” beteken dat die vervloekte 'n verlamme uitwerking beleef. Dit is om die “gewigtigheid” van iets of iemand “lig” te maak, sodat dit met sukkelgang voortgaan. Van die aarde behels dit dat daar dorings en dissels sou uitspruit (vs. 18). Ons sien dit vandag steeds in dinge soos droogtes, oorstromings en rampe. Die mens se sonde is die rede dat die skepping nie tot sy reg kom nie.

Maar wat 'n seën dat die mens, wat deur sy sonde die oorsaak is dat die aarde vervloek is, nie self in Genesis 3 vervloek is nie. Eintlik moes ons die vloek gedra het wat die aarde dra. Tussen die vloek oor die slang wat deur die duivel misbruik is (vs. 14), en die vloek oor die aarde (vs 17), staan egter die moederbelofte. God beloof verlossing van ons sonde. Dan kom Christus en Hy dra die vloek van die sonde in ons plek. Die teendeel vind plaas: in plaas van vervloek, seën God ons.

As gelowiges sien ons sy seën, sy liefde op hierdie aarde. So goed is God vir sy kinders – Hy seën ons, en Hy seën aan ons selfs die opbrengs van die aarde wanneer dit Hom behaag. God gaan ook alles nuut maak, selfs 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, en daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie (Openb. 22:3).

Sing: Psalm 37:13, 14 (Totius)

Ds. HJ Briel (Petrusburg/Boshof)